

BASSON E M

HANTERING VAN TYDREEKSE MET VERLORE WAARNEMINGS  
MET BEHULP VAN DIE TOESTANDRUIMTE BENADERING EN  
DIE KALMANFILTER

Mwiskundige Statistiek

UP

1991

HANTERING VAN TYDREEKSE MET VERLORE WAARNEMINGS MET  
BEHULP VAN DIE TOESTANDRUIMTE BENADERING EN DIE  
KALMANFILTER

deur  
ELIZABETH M BASSON

Voorgele ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad  
Magister in Wiskundige Statistiek in die Fakulteit Natuurwetenskappe  
Universiteit van Pretoria  
Pretoria.

Julie 1991

## Voorwoord

Hiermee wil ek graag dr J.S.Galpin bedank vir haar ondersteuning gedurende die navorsing wat tot hierdie verhandeling gelei het, asook professor S.H.C. du Toit as studieleier.

## INHOUDSOPGAWE

Voorwoord

Hoofstuk 1 – Inleiding	1.1
Hoofstuk 2 – Toestandruimte modelle	2.1
2.1 Inleiding	2.1
2.2 Toestandruimte modelle	2.2
2.3 Die Kalmanfilter	2.5
2.4 Die voorspellings–fout–ontbinding van die aanneemlikheidsfunksie	2.6
2.5 Die toestandruimte voorstelling van 'n outoregressiewe– bewegendegemiddelde proses	2.9
2.6 Opsomming	2.15
Hoofstuk 3 – Die Kalmanfilter vergelykings	3.1
3.1 Inleiding	3.1
3.2 Basiese resultate	3.2
3.3 Die Kalmanfiltervergelykings	3.5
3.4 Algemene vorm van die Kalmanvergelykings	3.12
3.5 Aanvangswaardes vir die Kalmanfilter	3.13
3.6 Illustrasie van die verskillende tegnieke aan die hand van 'n MA(1)–proses	3.21
3.7 Samevatting	3.26

<b>Hoofstuk 4 – Hantering van tydreeks met verlore data met behulp</b>	
<b>van die toestandruimte benadering en die Kalmanfilter</b>	<b>4.1</b>
4.1 Inleiding	4.1
4.2 Verlore data en die Kalmanfilter	4.2
4.3 Die algoritme van Gardner, Harvey en Phillips(1980)	4.3
4.4 Samevatting	4.18
<b>Hoofstuk 5 – 'n Kort oorsig oor ander metodes wat verlore data</b>	
<b>hanteer</b>	<b>5.1</b>
5.1 Inleiding	5.1
5.2 'n Kort oorsig oor verskeie tegnieke om verlore en ongelyk	
" gespasieerde data te hanteer	5.2
5.2.1 Metodes wat die tydreeks eers verwerk	5.2
5.2.2 Metodes wat verlore data beraam en invul	5.4
5.3 Vergelyking van metodes	5.9
5.4 Opsomming	5.20
5.5 Bylae	5.21
<b>Hoofstuk 6 – Gevolgtrekkings en voorstelle vir verdere studie</b>	<b>6.1</b>
<b>Samevatting</b>	<b>7.1</b>
<b>Summary</b>	<b>8.1</b>
<b>Literatuurverwysings</b>	<b>9.1</b>

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Vir navorsers, in byvoorbeeld omgewingsake, is dit belangrik om data wat oor 'n periode ingewin is, te analiseer. Die doel van so 'n analise kan byvoorbeeld wees om 'n tendens te bepaal en die tendens kan gebruik word om toekomstige gedrag te voorspel.


Aangesien die beskikbare data oor tyd gekorreleerd is, is die aangewese metode 'n tydreeksanalise. Die standaard tegnieke, en die meeste rekenaarpakette, vereis dat die waarnemings volledig en op opeenvolgende, gelykgespasiëerde tydsintervalle, beskikbaar is.

Die waarnemings vir 'n tydreeks word gewoonlik deur 'n persoon met 'n meetapparaat in naturomstandighede gemaak. Die faktore mens, instrument en natuur dra dan ook by tot 'n groot variasie in die hoeveelheid en kwaliteit van die langtermyn datastelle

Figuur 1 is 'n grafiek van stratosferiese osoonda(Wincek en Reinsel(1986)) en is 'n voorbeeld van 'n datastel waarvan die omvang van die vermiste data tot 20% beloop.

Figuur 1

### STRATOSFERIESE OSOONDATA OOR DIE TYDPERK 1963–1981



Die doel van hierdie studie is om metodes te bestudeer wat onvolledige datastelle hanteer, met spesiale verwysing na die metode waar van die Kalmanfilter gebruik gemaak word.

Om van die Kalmanfilter gebruik te maak, moet 'n outoregressief-bewegende-gemiddelde-model (ARMA-model) eers in 'n toestandruimte voorstelling geskryf word. Aangesien op verskeie plekke in die literatuur slegs die finale vorm van die toestandruimte voorstelling van 'n ARMA-model gegee word, word in Hoofstuk 2 'n weergawe van die afleiding van die proses gegee. In hierdie hoofstuk word die voorspellings-fout-ontbinding van die aanneemlikheidsfunksie ook uiteengesit as hulpresultaat wat sy toepassing in Hoofstuk 4 vind.

Die Kalmanfilter vergelykings word in Hoofstuk 3 bespreek en die teorie word in Hoofstuk 4 toegepas om tydreeks met verlore data te hanteer.

In Hoofstuk 5 word 'n kort oorsig oor ander metodes wat verlore data hanteer gegee en vier van hierdie metodes word gebruik om hulle te vergelyk teen die Kalmanfilter metode.

## HOOFSTUK 2

### TOESTANDRUIMTE MODELLE ( *state space models* )

#### 2.1 INLEIDING

In die praktyk is daar 'n groot aantal prosesse waarby die toestand van die proses op tydstip  $t$  'n funksie is van sy toestand op tydstip  $t-1$ . Daar het dan ook 'n studieveld ontwikkel om die gedrag van die proses op 'n tydstip te kan voorspel gebaseer op die inligting van sy gedrag op die vorige tydstip, en word daar gepraat van toestandruimte modelle.

Die tegnologie is aanvanklik hoofsaaklik deur ingenieurs gebruik. In die literatuur oor toestandruimte modelle is 'n tipiese sinsnede dan ook: "State space models were originally developed by control engineers". In 'n algemene toepassing word daar gekyk na 'n stel van toestandsveranderlikes wat oor tyd verander. Die toestandsveranderlikes kan byvoorbeeld 'n sein wees wat die posisie van 'n missiel aandui. Die "toestand" van die missiel is dan sy posisie op 'n sekere tydstip  $t$ , wat weer 'n funksie is van sy posisie op tydstip  $(t-1)$ . Die posisie word gemodelleer deur 'n eerste-orde-differensievergelyking. Daarenteen word sy posisie werklik waargeneem deur 'n lesing, gemeet byvoorbeeld deur 'n satelliet. Die lesing is natuurlik vervorm deur seinsteurings en sogenaamde witruis ( *white noise* ). In Afdeling 2.2 word die toestandruimte model wiskundig geformuleer in terme van die oorgangs- (in bogenoemde voorbeeld die differensievergelyking) en metingsvergelykings (in voorbeeld die satellietlesing) uiteengesit.

Die toestandruimte modelle gee aanleiding tot 'n stel vergelykings wat 'n beraming van 'n bepaalde "toestand" maak wat op 'n spesifieke stadium waargeneem word. Die probleem om die beramings, onder gegewe stel aannames, rekursief te doen, was oorspronklik opgelos deur Kalman wat dan ook aanleiding gegee het tot die bekende Kalmanfilters. In Afdeling 2.3 word die Kalmanfilters verder gedefinieer en in Hoofstuk 3 meer breedvoerig uiteengesit. Deur die gebruik van die Kalmanfilter word 'n reeks foutterme geproduseer. Die foutterme word in die voorspellings-fout-ontbinding van die aanneemlikheidsfunksie geïnkorporeer. In Afdeling 2.4 word die voorspellings-fout-ontbinding van die aanneemlikheidsfunksie uiteengesit en in Hoofstuk 3 verder daarna verwys.

Alhoewel die oorsprong van die toestandruimte modelle by die ingenieurswese te vinde is, het die toepassingsmoontlikhede wyer gekring na die ekonomie (Harvey en Pierce (1984), Harrison en Stevens (1976), Shumway en Stoffer (1982)), die medisyne en die grondwetenskappe (Shumway (1985)). Ook in die Statistiek het die toestandruimte benadering van 'n tydreeksmodel baie toepassingsmoontlikhede, onder andere om verlore data te kan hanteer. Aangesien op verskeie plekke in die literatuur slegs die finale vorm van die toestandruimte voorstelling van 'n outoregressiewe-bewegendegemiddelde tydreeks gegee word, word in Afdeling 2.5 'n weergawe van die afleiding van die proses gegee. Ten slotte (Afdeling 2.6) word die resultate van hierdie hoofstuk kortliks saamgevat.

## 2.2 TOESTANDRUIMTE MODELLE

In 'n toestandsruimtemodel word die aandag toegespits op 'n  $m \times 1$  vektor van toestandsverandelikes,  $\alpha_t$ . Die toestandsvektor is nie direk waarneembaar nie, maar sy ontwikkeling oor tyd word beheer deur 'n goedgedefinieerde proses. Die proses word

omskrywe deur 'n aanvangswaarde,  $\alpha_0$  en 'n oorgangsvergelyking (*transition equation*) wat geskryf word as 'n eerste orde Markovproses

$$\alpha_t = T_t \alpha_{t-1} + R_t \eta_t \quad t=1, \dots, T \quad 2.2.1$$

met  $T_t$  en  $R_t$  vaste matrikse van orde  $m \times m$  en  $m \times g$  respektiewelik en  $\eta_t$  'n  $g \times 1$  vektor van versteurings met gemiddeld nul en kovariansiematriks  $Q_t$ .

Die  $N$  veranderlikes wat in werklikheid waargeneem word, word omskryf deur 'n  $N \times 1$  vektor,  $y_t = (y_{t1}, \dots, y_{tN})$ , wat verband hou met die toestandsveranderlikes. Die verband word weergegee deur die metingsvergelyking (*measurement equation*) wat geskryf kan word as

$$y_t = Z_t \alpha_t + S_t \xi_t \quad t=1, \dots, T, \quad 2.2.2$$

waar  $Z_t$  en  $S_t$  vaste matrikse van orde  $N \times m$  en  $N \times n$  respektiewelik is. Die  $n \times 1$  vektor van versteurings,  $\xi_t$ , het gemiddeld nul en kovariansiematriks,  $H_t$ .

Roode (1987) gee die volgende benaming vir die konstante matrikse:

$T_t$ : Toestandoorgangsmatriks

$R_t$ : Aandryfmatriks

$Z_t$ : Uitvoermatriks

$S_t$ : Oorseinmatriks

Vergelykings 2.1.1 en 2.2.2 staan bekend as die **toestandruimte vorm** van 'n lineere dinamiese model (*linear dynamic model*).

Daar word aangeneem dat die versteurings in beide die metings—en oorgangsvergelyking reeks ongekorreleerd is. Verder is hulle ongekorreleerd met mekaar oor alle tydperiodes asook met die aanvangstoestandsvektor,  $\alpha_0$ . Die aannames kan as volg opgesom word:

$$\begin{bmatrix} \xi_t \\ \eta_t \end{bmatrix} \sim \text{WR} \left[ \begin{bmatrix} 0 \\ 0 \end{bmatrix}, \begin{bmatrix} H_t & 0 \\ 0 & Q_t \end{bmatrix} \right], \quad t = 1, \dots, T$$

waarby

$$E \begin{bmatrix} \alpha_0 \\ \eta_t \end{bmatrix} = 0 \quad E \begin{bmatrix} \alpha_0 \\ \xi_t \end{bmatrix} = 0 \quad t=1, \dots, T$$

en WR staan vir 'witruis'.

In die meeste gevalle is slegs een waarneming per tydsinterval beskikbaar en reduceer 2.2.2 na 'n enkele metingsvergelyking

$$y_t = z_t' \alpha_t + \zeta_t \quad t = 1, \dots, T \quad 2.2.3$$

waar  $\zeta_t \sim \text{WR}(0, \sigma^2 h_t)$

$T_t$ ,  $R_t$  en  $Q_t$  van die oorgangsvergelykings is ook meestal tyd—onafhanklik en derhalwe vereenvoudig 2.2.1 na

$$\alpha_t = T \alpha_{t-1} + R \eta_t \quad t = 1, \dots, T \quad 2.2.4$$

waar  $\eta_t \sim \text{WR}(0, \sigma^2 Q)$ .

### Opmerking

Aangesien  $\sigma^2$  nie in die opdaterings—en voorspellingsvergelykings voorkom nie, kan dit, sonder verlies aan algemeenheid, in die uitdrukkings vir  $\text{var}(\xi_t)$  en  $\text{var}(\eta_t)$  weggelaat word. Die filter is dus wel afhanklik van die waardes van  $T$ ,  $R$ ,  $Q$  en  $h_t$ , maar  $\sigma^2$  hoef nie bekend te wees nie. Aangesien  $\sigma^2$  in baie modelle voorkom word dit vervolgens wel ingesluit.

Die Kalmanfiltervergelykings word afgelei vir die model 2.2.3 en 2.2.4 en kan veralgemeen word vir die model 2.2.1 en 2.2.2.

## 2.3 DIE KALMANFILTER

Aangesien die ingenieursliteratuur, waar die toestandsruimtemodelle en Kalmanfilters vrylik gebruik word, (sien bv. Kalman(1970)) moeilik lees, word daar hoofsaaklik van Harvey(1981) se beskrywing gebruik gemaak.

Die Kalmanfilter word gedefinieer as 'n stel vergelykings wat 'n beramer in staat stel om opgedateer te word die oomblik wanneer 'n nuwe waarneming beskikbaar word. Die proses word in twee stappe uitgevoer. In die eerste plek word daar, met behulp van voorspellingsvergelykings (*prediction equations*), 'n optimale voorspelling van die volgende waarneming, op grond van al die inligting huidiglik beskikbaar, gemaak. Die nuwe waarneming word dan geïnkorporeer in die beramer van die toestandsvektor met behulp van opdateringsvergelykings (*updating equations*).

Die filtervergelykings word rekursief toegepas soos wat nuwe waarnemings beskikbaar gestel word. As 'n neweproduk word 'n reeks voorspellingsfoute geproduseer wat weer ingespan word om MA—beramers te vind met behulp van die voorspellings—fout—ontbinding van die aanneemlikheidsfunksie.

## 2.4 DIE VOORSPELLINGS–FOUT–ONTBINDING VAN DIE AANNEEMLIKHEIDSFUNKSIE

Beskou 'n steekproef  $y_1, \dots, y_T$  getrek uit 'n meerveranderlike normaalverdeling met gemiddeld  $\mu$  en variansie–kovariansiematriks  $\sigma^2 V$ , dit is  $\mathbf{y} \sim N(\mu, \sigma^2 V)$ .

Die aanneemlikheidsfunksie van 'n steekproef  $y_1, \dots, y_T$  getrek uit 'n populasie met waarskynlikheidsverdeling  $N(\mu, \sigma^2 V)$ , is die waarskynlikheidsfunksie van die gesamentlike verdeling van  $T$  onderling onafhanklike stogastiese veranderlikes elk met 'n normaalverdeling. Dus volg dat

$$\ln L(\mathbf{y}) = -(T/2)\ln 2\pi - (T/2)\ln \sigma^2 - (1/2)\ln |V| - (1/2)\sigma^{-2}(\mathbf{y}-\mu)'V^{-1}(\mathbf{y}-\mu) \quad 2.4.1$$

as volg geskryf kan word

$$L(\mathbf{y}) = L(y_1, \dots, y_{T-1}) \cdot \ell(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1) \quad 2.4.2$$

met  $\ell$  die voorwaardelike verdeling van die laaste waarneming, gegee al die vorige waarnemings.

Gevolgtik is:

$$\ln L(\mathbf{y}) = \ln L(y_1, \dots, y_{T-1}) + \ln \ell(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1) \quad 2.4.3$$

Laat

$\hat{y}_{T/T-1}$  die beramer van  $y_T$  gegee  $y_{T-1}, \dots, y_1$  voorstel.

Die voorspellingsfout:

$y_T - \hat{y}_{T/T-1}$  kan ontbind word in twee dele:

$$y_T - \hat{y}_{T/T-1} = [y_T - E(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1)] + [E(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1) - \hat{y}_{T/T-1}]$$

waar  $E(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1)$  die voorwaardelike verwagtingswaarde van  $y_T$  gegee  $y_{T-1}, \dots, y_1$  is.

Die **gemiddelde-kwadraatberamer(GKB)** (*mean square estimator*) van  $y_T$  onder voorwaarde van  $y_{T-1}, \dots, y_1$  is :

$$\begin{aligned} E[(y_T - \hat{y}_{T/T-1})^2] &= E[y_T - E(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1)]^2 \\ &+ E[E(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1) - \hat{y}_{T/T-1}]^2 \\ &= \text{var}(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1) \\ &+ E[\hat{y}_{T/T-1} - E(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1)]^2 \end{aligned}$$

Gevolgtik is die **minimum-gemiddelde-kwadraatberamer(MGKB)** van  $y_T$  gegee  $y_{T-1}, \dots, y_1$ :

$$\tilde{y}_{T/T-1} = E(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1).$$

Die voorspellingsfoutvariëansie geassosieer met  $\tilde{y}_{T/T-1}$  word gegee deur

$$\begin{aligned} E(y_T - \tilde{y}_{T/T-1})^2 &= E[(y_T - E(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1))]^2 \\ &= \text{var}(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1) \\ &= \sigma^2_{f_T} \end{aligned}$$

Aangesien die voorwaardelike verdelings van 'n gesamentlike normaalverdeling weer normaal verdeel is, (Anderson 1966), volg dat

$$\ln \mathcal{L}(y_T/y_{T-1}, \dots, y_1) = -(1/2)\ln 2\pi - (1/2)\ln \sigma^2 - (1/2)\ln f_T - (1/2)\sigma^{-2}(y_T - \bar{y}_{T/T-1})^2 f_T,$$

Herhaaldelike toepassing van 2.4.2 lewer

$$\ln L(y) = \sum_{t=2}^T \ln \mathcal{L}(y_t/y_{t-1}, \dots, y_1) + \ln \mathcal{L}(y_1) \quad 2.4.4$$

met  $\mathcal{L}(y_1)$  die onvoorwaardelike verdeling van  $y_1$ . Sou  $\mu_1$  egter beskou word as die minimum-gemiddelde-kwadraatberamer van  $y_1$ , gegee geen vorige waarnemings, kan die term  $y_1 - \mu_1$  beskou word as die voorspellingsfout geassosieer met  $y_1$  en mag ons die variansie van  $y_1$  aandui as  $\sigma^2 f_1$ .

Gevolgtik word 2.4.4 die gesamentlike verdeling van T onafhanklike voorspellingsfoute,

$$v_t = y_t - \bar{y}_{t/t-1}, \quad t=1, \dots, T,$$

met gemiddeld nul, variansie  $\sigma^2 f_t$  en  $\bar{y}_{1/0} = \mu_1$ .

Derhalwe kan 2.4.4 geskryf word as:

$$\ln L(y) = -(T/2)\ln 2\pi - (T/2)\ln \sigma^2 - (1/2) \sum_{t=1}^T \ln f_t - (1/2)\sigma^{-2} \sum_{t=1}^T v_t^2 / f_t \quad 2.4.5$$

wat bekend staan as die voorspellings-fout-ontbinding van die aanneemlikheidsfunksie.

## 2.5 DIE TOESTANDRUIMTE VOORSTELLING VAN 'N OUTOREGRESSIEWE—BEWEGENDEGEMIDDELDE PROSES

Op verskeie plekke in die literatuur word slegs die finale vorm van die toestandruimte voorstelling van 'n outoregressiewe—bewegendegemiddelde proses (*autoregressive moving average* (ARMA) —model) gegee. Sien byvoorbeeld Harvey (1981) hoofstuk 4, Brockwell en Davis (1986) hoofstuk 12 en Roode (1987). Vir beter insae word daar gekyk na die afleiding soos weergegee deur Jones (1980).

Toestandruimte modelle van toevalsprosesse is gebaseer op die sogenaamde Markov—eienskap, wat impliseer dat die toekoms van 'n proses, gegee sy huidige toestand, onafhanklik is van sy verlede. Abraham en Ledolter (1983) sê dan ook: *In such a system the STATE of the process summarizes all the information from the past that is necessary to predict the future*

In die toestandruimte (ook genoem die Markoviaanse—) voorstelling word die toestandsvektor  $\alpha_t$  dus geïnterpreteer as die vektor bestaande uit al die inligting wat nodig en voldoende is om, op tydstip  $t$ , die reeks arbitrêr ver in die toekoms te voorspel.

### Voorbeeld 2.5.1

Beskou 'n outoregressiewe model van orde twee ('n AR(2)—model):

$$\begin{aligned} \hat{y}_{t+2} = y_{t+2/t} &= E_t[y_{t+2}] \\ &= E[y_{t+2}/y_s, s \leq t] \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
&= E_t[\phi_1 y_{t+1} + \phi_2 y_t + a_{t+1}] \\
&= \phi_1 \hat{y}_{t+1} + \phi_2 y_t \\
&= \phi_1 y_{t+1/t} + \phi_2 y_t
\end{aligned}
\tag{2.5.1}$$

Vir verdere verklaring van notasie en die minimum-gemiddelde-kwadraatfoutvoorspelling word die leser verwys na Box en Jenkins(1976), Hoofstuk 5.

Vir die AR(2)-model, om die reeks arbitrêr ver in die toekoms te voorspel is die paar  $y_t$  en  $\hat{y}_{t+1}$  nodig en sou  $\alpha_t$  dus geskryf kon word as:

$$\alpha_t = (y_t, y_{t+1/t})
\tag{2.5.2}$$

Soortgelyk kan die *toestand* van die algemene ARMA(p,q)-model, met gemiddeld nul:

$$y_t = \sum_{k=1}^p \phi_k y_{t-k} + \eta_t + \sum_{k=1}^q \theta_k \eta_{t-k} \quad (\text{Box en Jenkins-notasie})$$

geskryf word as:

$$\alpha_t = [y_{t/t}, y_{t+1/t}, \dots, y_{t+m-1/t}]'
\tag{2.5.3}$$

met

$$y_{t/t} = y_t$$

en

$$m = \text{maksimum}(p, q+1)$$

Die een-stap-voorspelling is:

$$y_{t+1/t} = \sum_{k=1}^p \phi_k y_{t+1-k} + \sum_{k=1}^q \theta_k \eta_{t+1-k}$$

Die j-stap-voorspelling gebruik die vorige voorspellings in die outoregressiewe deel:

$$\begin{aligned} y_{t+j/t} &= \sum_{k=1}^{j-1} \phi_k y_{t+j-k/t} + \sum_{k=j}^p \phi_k y_{t+j-k} \\ &\quad + \sum_{k=j}^q \theta_k \eta_{t+j-k} \end{aligned} \quad 2.5.4$$

Deur bv.  $p=2$ ,  $q=0$ ,  $j=2$  in 2.5.4 te stel word 2.5.1 gekry.

Soortgelyk is:

$$\begin{aligned} y_{t+j/t+1} &= \sum_{k=1}^{j-2} \phi_k y_{t+j-k/t+1} + \sum_{k=j-1}^p \phi_k y_{t+j-k} \\ &\quad + \sum_{k=j-1}^q \theta_k \eta_{t+j-k} \end{aligned} \quad 2.5.5$$

Uit 2.5.4 en 2.5.5 volg dat

$$\begin{aligned} y_{t+j/t+1} - y_{t+j/t} &= \sum_{k=1}^{j-1} \phi_k (y_{t+j-k/t+1} - y_{t+j-k/t}) \\ &\quad + \theta_{j-1} \eta_{t+1} \end{aligned} \quad 2.5.6$$

Beskou  $j=2$ :

$$\begin{aligned} y_{t+2/t+1} - y_{t+2/t} &= \phi_1(y_{t+1/t+1} - y_{t+1/t}) + \theta_1\eta_{t+1} \\ &= (\phi_1 + \theta_1)\eta_{t+1} \end{aligned} \quad 2.5.7$$

Beskou  $j=3$ :

$$\begin{aligned} y_{t+3/t+1} - y_{t+3/t} &= \phi_1(y_{t+2/t+1} - y_{t+2/t}) + \phi_2(y_{t+1/t+1} - y_{t+1/t}) \\ &\quad + \theta_2\eta_{t+1} \end{aligned}$$

M.b.v. 2.5.7 volg soortgelyk

$$\begin{aligned} &= \phi_1(\phi_1 + \theta_1)\eta_{t+1} + \phi_2\eta_{t+1} + \theta_2\eta_{t+1} \\ &= (\phi_1^2 + \phi_1\theta_1 + \phi_2 + \theta_2)\eta_{t+1} \end{aligned} \quad 2.5.8$$

Vanuit 2.5.7 en 2.5.8 is dit duidelik dat 2.5.6 'n rekursiewe vergelyking is wat slegs 'n funksie is van die ewekansige skokterm  $\eta$  op tydstep  $t+1$ .

Gevolglik kan 2.5.6 geskryf word as

$$y_{t+j/t+1} - y_{t+j/t} = \xi_j\eta_{t+1}$$

of

$$y_{t+j/t+1} = y_{t+j/t} + \xi_j\eta_{t+1} \quad 2.5.9$$

waar die  $g$ 's gegenerer word deur die rekursiewe betrekking

$$\begin{aligned} \xi_1 &= 1 \\ \xi_j &= \theta_{j-1} + \sum_{k=1}^{j-1} \phi_k \xi_{j-k} \end{aligned}$$

waar

$$\theta_j = 0 \quad \text{vir } j > q$$

Stel byvoorbeeld  $j=3$  om weer 2.5.8 te verkry

Die finale element in die toestandsvektor is:

$$y_{t+m/t+1} = y_{t+m/t} + g_m \eta_{t+1} \quad 2.5.10$$

Aangesien:

$$y_{t+m} = \sum_{k=1}^p \phi_k y_{t+m-k} + \sum_{k=1}^q \theta_k \eta_{t+m-k}$$

en

$$E_t[\eta_{t+k}] = 0 \quad k=1,2,\dots$$

kan 2.5.10 geskryf word as:

$$y_{t+m/t+1} = \sum_{k=1}^p \phi_k y_{t+m-k/t} + g_m \eta_{t+1} \quad 2.5.11$$

Die matriksformulering van 2.5.9 en 2.5.11 naamlik

$$\begin{bmatrix} y_{t+1} \\ y_{t+2/t+1} \\ \vdots \\ y_{t+m/t+1} \end{bmatrix} = \begin{bmatrix} 0 & 1 & 0 & \dots & \dots & 0 \\ 0 & 0 & 1 & \dots & \dots & 0 \\ & & & \cdot & \cdot & \\ \phi_m & \cdot & \dots & \phi_2 & \phi_1 & \end{bmatrix} \begin{bmatrix} y_t \\ y_{t+1/t} \\ \vdots \\ y_{t+m-1/t} \end{bmatrix} + \begin{bmatrix} 1 \\ g_2 \\ \vdots \\ g_m \end{bmatrix} \eta_{t+1} \quad 2.5.12$$

waar  $\phi_i = 0$  vir  $i > p$

lewer die sogenaamde oorgangvergelings.

Bogenoemde kan ook geskryf word as:

$$\alpha_{t+1} = T\alpha_t + R\eta_{t+1} \quad \text{vergelijk met 2.2.1}$$

Vergelyking 2.2.12 staan bekend as die toestandsruimte vorm van 'n ARMA(p,q)–proses.

Die tweede vergelyking in die toestandsruimte voorstelling naamlik die waarnemingsvergelyking word gegee deur:

$$y_t = z\alpha_t + \xi_t$$

met

$$z = (1, 0, \dots, 0) \text{ en } \xi_t \text{ die foutterm.}$$

Die waarnemingsvergelyking onttrek dus bloot die eerste element van die toestandsvektor.

### Voorbeeld 2.5.2

Beskou weer die AR(2)–model:  $y_t = \phi_1 y_{t-1} + \phi_2 y_{t-2} + a_t$

Die vergelyking word uit die oorgangvergelyking herwin deur herhaalde substitusie:

$$\alpha_t = \begin{bmatrix} y_t \\ y_{t+1/t} \end{bmatrix} = \begin{bmatrix} 0 & 1 \\ \phi_2 & \phi_1 \end{bmatrix} \begin{bmatrix} y_{t-1} \\ y_{t/t-1} \end{bmatrix} + \begin{bmatrix} 1 \\ \phi_1 \end{bmatrix} a_t$$

deur uitvermenigvuldiging vind ons:

$$y_t = y_{t/t-1} + a_t \tag{2.5.13}$$

wat korrek is aangesien die waargenome waarde gelyk is aan die som van die beraamde waarde en die foutterm.

Verder volg dat

$$\begin{aligned} y_{t+1/t} &= \phi_2 y_{t-1} + \phi_1 y_{t/t-1} + \phi_1 a_t \\ &= \phi_2 y_{t-1} + \phi_1 (y_{t/t-1} + a_t) \end{aligned}$$

$$= \phi_2 y_{t-1} + \phi_1 y_t \quad 2.5.14$$

Vervang 2.5.14 in 2.5.13, dan volg

$$y_t = \phi_1 y_{t-1} + \phi_2 y_{t-2} + a_t$$

### Voorbeeld 2.5.3

Op soortgelyke wyse kan bevestig word dat 'n MA(1)-model:  $y_t = \eta_t + \theta \eta_{t-1}$  geskryf kan word as:

$$\alpha_{t+1} = \begin{bmatrix} 0 & 1 \\ 0 & 0 \end{bmatrix} \alpha_t + \begin{bmatrix} 1 \\ \theta \end{bmatrix} \eta_{t+1}$$

## 2.6 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is begrippe gedefinieer en hulpresultate afgelei:

1. Die begrippe **toestandruimte modelle** en die **Kalmanfilter** is gedefinieer. In die volgende hoofstuk word die Kalmanfilter-vergelykings vervolgens afgelei.
2. Daar is aangetoon hoe 'n outoregressiewe-bewegendegemiddelde proses in 'n toestandruimte vorm omskryf kan word. Ter illustrasie is 'n paar voorbeelde behandel.
3. As hulpresultaat tot Hoofstuk 3 is die voorspellings-fout-ontbinding van die aanneemlikheidsfunksie uiteengesit.

## HOOFSTUK 3

### DIE KALMANFILTER VERGELYKINGS

#### 3.1 INLEIDING

Die toestandruimte modelle gee aanleiding tot 'n stel vergelykings wat 'n beraming van 'n spesifieke "toestand" maak wat op 'n gegewe stadium waargeneem is. Die probleem om die beramings, onder bepaalde aannames, rekursief te verkry, was oorspronklik opgelos deur Kalman (1960) en Kalman en Bucy (1961) en staan bekend as die sogenaamde Kalmanfilter.

Die Kalmanfilter word gedefinieer as 'n stel vergelykings wat 'n beramer in staat stel om opgedateer te word die oomblik wanneer 'n nuwe waarneming beskikbaar word. Die proses word in twee stappe uitgevoer. In die eerste plek word daar, met behulp van voorspellingsvergelykings, 'n optimale voorspelling van die volgende waarneming, op grond van al die inligting huidiglik beskikbaar gemaak. Die nuwe waarneming word dan geïnkorporeer in die beramer van die toestandsvektor met behulp van opdateringsvergelykings. In Afdeling 3.3 word hierdie vergelykings afgelei vir die spesiale geval van een waarneming per tydsinterval. Die resultate vir die algemene geval van  $N$  waarnemings per tydsinterval word in Afdeling 3.4 aangebied.

Die Kalmanfilter verskaf 'n optimale oplossing tot die probleem van vooruitskatting en opdatering. Sou die waarnemings normaal verdeel en die huidiglike beramer van die toestandsvektor die "beste" wees, sal die vooruitskatting- en die opdateringsberamers ook die beste wees.

Sou normaliteit nie aangeneem kan word nie, is soortgelyke resultate geldig, maar nou binne 'n klas van beramers en voorspellers wat lineër in die waarnemings is. Aangesien die toestandsvektor stogasties is, moet die interpretasie van die "beste" beramer met omsigtigheid hanteer word. Daar word eerder gekyk na die beramingsfout as na die beramer self. Dit lei tot die begrip van die **minimum gemiddelde kwadraatberamer** wat in Afdeling 3.2 die aandag geniet as voorloper tot die afleiding van die Kalmanvergelings.

In Afdeling 3.5 word aangetoon hoe om aanvangswaardes vir die onbekende parameters te bepaal terwyl die resultate prakties geïllustreer word met behulp van 'n MA(1)-proses soos uiteengesit in Afdeling 3.6.

Resultate verkry in hierdie hoofstuk word in Afdeling 3.7 saamgevat.

### 3.2 BASIESE RESULTATE (Harvey 1981)

Beskou die model

$$\mathbf{y} = \mathbf{Z} \boldsymbol{\alpha} + \boldsymbol{\xi}, \quad 3.2.1$$

waarby  $\mathbf{y}$  'n  $T \times 1$  vektor van waarnemings,  $\mathbf{Z}$  'n  $T \times m$  matriks van vaste waardes en  $\boldsymbol{\xi}$  'n vektor van versteurings met gemiddeld nul en kovariansie matriks  $\sigma^2 \boldsymbol{\Omega}$  is.

Vir  $\boldsymbol{\alpha}$  'n vaste vektor van onbekende parameters neem 3.2.1 die vorm van 'n algemene regressiemodel aan en is die gewone resultate geldig. Die **algemene kleinste kwadrate beramer**,  $\tilde{\mathbf{a}}$ , van  $\boldsymbol{\alpha}$  word gegee deur

$$\tilde{\mathbf{a}} = (\mathbf{Z}' \boldsymbol{\Omega}^{-1} \mathbf{Z})^{-1} \mathbf{Z}' \boldsymbol{\Omega}^{-1} \mathbf{y}$$

en is ook dieselfde as die **beste lineêre onsydige skatter** (b.l.o.s.) van  $\boldsymbol{\alpha}$ .

### 3.3

Die Gauss–Markovteorie beweer dat die "beste" daarop neerkom dat onder die klas van lineêr onsydige beramers die "beste" beramer die kleinste variansie besit.

Sou  $\alpha$  egter beskou word as stogasties in die sin dat dit ewekansig getrek is uit 'n prior verdeling voordat die waarnemings  $\mathbf{y}$  gegeneer is, word die statistiese eienskappe van  $\bar{\mathbf{a}}$  gegee in terme van die beramingsfout,  $\bar{\mathbf{a}} - \alpha$ . So word  $\bar{\mathbf{a}}$  nou 'n onvoorwaardelike onsydige beramer genoem indien die verwagtingswaarde van die beramingsfout nul is. Die eienskappe van  $\bar{\mathbf{a}} - \alpha$  is egter parallel aan die van die konvensionele algemene kleinste vierkante skatter en besit ook variansie/kovariansie matriks:  $\sigma^2(\mathbf{Z}'\Omega^{-1}\mathbf{Z})^{-1}$ .

'n Uitbreiding van die Gauss–Markovstelling is om aan te toon dat  $\bar{\mathbf{a}}$ , binne 'n klas van lineêr en onvoorwaardelik onsydige beramers, die **minimum gemiddelde kwadraadberamer** is:

Veronderstel, sonder verlies van algemeenheid, dat  $\Omega=I$  (die eenheidsmatriks).

Laat  $\hat{\mathbf{a}} = \mathbf{D}^* \mathbf{y}$  enige ander lineêr, onvoorwaardelik onsydige beramer van  $\alpha$  wees, dan is:

$$\begin{aligned} \hat{\mathbf{a}} - \alpha &= \mathbf{D}^* \mathbf{y} - \alpha \\ &= \mathbf{D}^* (\mathbf{Z}\alpha + \xi) - \alpha \\ &= [\mathbf{D}^* - (\mathbf{Z}'\mathbf{Z})^{-1}\mathbf{Z}']\mathbf{Z}\alpha + [\mathbf{D}^* - (\mathbf{Z}'\mathbf{Z})^{-1}\mathbf{Z}' + (\mathbf{Z}'\mathbf{Z})^{-1}\mathbf{Z}']\xi \\ &= \mathbf{D}\mathbf{Z}\alpha + [\mathbf{D} + (\mathbf{Z}'\mathbf{Z})^{-1}\mathbf{Z}']\xi \end{aligned}$$

met

$$\mathbf{D} = \mathbf{D}^* - (\mathbf{Z}'\mathbf{Z})^{-1}\mathbf{Z}'$$

Om onvoorwaardelik onsydig te wees, moet:

$$E[\hat{\mathbf{a}} - \alpha] = 0$$

dus moet:

$$\mathbf{D}\mathbf{Z} = 0$$

Onder hierdie voorwaarde is die kovariansiematriks van  $\hat{\mathbf{a}} - \boldsymbol{\alpha}$ , wat dan ook gelyk is aan die minimum gemiddelde kwadraatberamer van  $\boldsymbol{\alpha}$ , die volgende:

$$\begin{aligned} \text{var}(\hat{\mathbf{a}} - \boldsymbol{\alpha}) &= \text{E}[(\hat{\mathbf{a}} - \boldsymbol{\alpha})(\hat{\mathbf{a}} - \boldsymbol{\alpha})'] \\ &= [D + (\mathbf{Z}'\mathbf{Z})^{-1}\mathbf{Z}']\text{E}(\boldsymbol{\xi}\boldsymbol{\xi}')[\mathbf{D}' + \mathbf{Z}(\mathbf{Z}'\mathbf{Z})^{-1}] \end{aligned} \quad 3.2.2$$

Aangesien

$$\text{E}(\boldsymbol{\xi}\boldsymbol{\xi}') = \sigma^2\mathbf{I}$$

en

$$\mathbf{D}\mathbf{Z} = 0$$

vereenvoudig 3.2.2 na:

$$\text{var}(\hat{\mathbf{a}} - \boldsymbol{\alpha}) = \sigma^2\mathbf{D}\mathbf{D}' + \sigma^2(\mathbf{Z}'\mathbf{Z})^{-1}$$

Dit is hieruit duidelik dat die kovariansiematriks groter is as die van  $\tilde{\mathbf{a}} - \boldsymbol{\alpha}$ .

Sou die waarnemings normaal verdeel wees, is die optimale eienskappe van  $\tilde{\mathbf{a}}$  nie langer beperk tot die klas van lineêre beramers nie en word  $\tilde{\mathbf{a}}$  die **minimum gemiddelde kwadraatberamer** van  $\boldsymbol{\alpha}$ .

Veronderstel verder dat kennis oor  $\boldsymbol{\alpha}$  reeds beskikbaar is en vervat is in die vektor  $\mathbf{a}_0$ , sodanig dat  $\mathbf{a}_0 - \boldsymbol{\alpha}$  'n gemiddeld nul en kovariansiematriks  $\sigma^2\mathbf{P}_0$  ( $\mathbf{P}_0$  bekend), besit.

Skryf die aangevulde model as:

$$\begin{bmatrix} \mathbf{a}_0 \\ \mathbf{y} \end{bmatrix} = \begin{bmatrix} \mathbf{I} \\ \mathbf{Z} \end{bmatrix} \boldsymbol{\alpha} + \begin{bmatrix} \mathbf{a}_0 - \boldsymbol{\alpha} \\ \boldsymbol{\xi} \end{bmatrix}$$

Wat geskryf kan word as:

$$\mathbf{y}^\dagger = \mathbf{Z}^\dagger \boldsymbol{\alpha} + \boldsymbol{\xi}^\dagger$$

met  $\text{E}(\boldsymbol{\xi}^\dagger) = 0$  en  $\text{E}(\boldsymbol{\xi}^\dagger \boldsymbol{\xi}^{\dagger'}) = \sigma^2$

$$\begin{bmatrix} \mathbf{P}_0 & 0 \\ 0 & \boldsymbol{\Omega} \end{bmatrix}$$

Alhoewel  $\alpha$  nou sodanig gedefinieer is, dat dit die moontlikheid insluit dat sommige, of alle, elemente vas is, is die uitgebreide Gauss–Markovteorie steeds geldig en is die beramer

$$\bar{\mathbf{a}}^\dagger = (\mathbf{Z}^\dagger' \mathbf{V}^{-1} \mathbf{Z}^\dagger)^{-1} \mathbf{Z}^\dagger' \mathbf{V}^{-1} \mathbf{y}^\dagger \quad 3.2.3$$

die minimum gemiddelde lineêre kwadraatberamer van  $\alpha$  met die variansie kovariansie matriks van  $(\bar{\mathbf{a}}^\dagger - \alpha)$  gelyk aan  $\sigma^2 \mathbf{P}$ .

Wanneer die oorspronklike notasie vervang word in 3.2.3 word gekry

$$\begin{aligned} \bar{\mathbf{a}}^\dagger &= \mathbf{P}(\mathbf{P}_0^{-1} \mathbf{a}_0 + \mathbf{Z}' \Omega^{-1} \mathbf{y}), \\ \mathbf{P} &= (\mathbf{P}_0^{-1} + \mathbf{Z}' \Omega^{-1} \mathbf{Z})^{-1} \end{aligned}$$

### 3.3 DIE KALMANFILTERVERGELYKINGS.

In Hoofstuk 2 is die oorgangsvergelyking(2.2.1) en metingsvergelyking(2.2.2) beskou wat gerieflikheidsonthelwe hier herhaal word:

$$\alpha_t = \mathbf{T}_t \alpha_{t-1} + \mathbf{R}_t \eta_t \quad t=1, \dots, T \quad 3.3.1$$

en

$$\mathbf{y}_t = \mathbf{Z}_t \alpha_t + \mathbf{S}_t \xi_t \quad t=1, \dots, T \quad 3.3.2$$

waarby die  $N$ -veranderlike vektor  $\mathbf{y}_t = (y_{1t}, \dots, y_{Nt})'$ ,  $t = 1, \dots, N$  beskou is.

In baie gevalle is daar egter slegs een waarneming per tydsinterval beskikbaar.

Vergelyking 3.3.2 reduceer in sodanige gevalle tot 'n enkele metingsvergelyking:

$$y_t = \mathbf{z}_t' \alpha_t + \xi_t, \quad t = 1, \dots, T, \quad 3.3.3$$

waar  $\xi$  -  $WR(0, \sigma^2 h_t)$

Die oorgangsvergelyking 3.3.1 vereenvoudig na

$$\alpha_t = T\alpha_{t-1} + R\eta_t, t = 1, \dots, T \quad 3.3.4$$

met  $\eta_t \sim \text{WR}(0, \sigma^2 Q)$

Die teenwoordigheid van  $\sigma^2$  in  $\text{var}(\xi_t)$  en  $\text{var}(\eta_t)$  veroorsaak nie 'n verlies aan algemeenheid nie, aangesien dit nie in die Kalmanvergelykings verskyn nie.

Die Kalmanfiltervergelykings word vervolgens vir 3.3.3 en 3.3.4 afgelei en veralgemeen vir die sisteem 3.3.1 en 3.3.2.

Ten einde die nodige vergelykings af te lei, word die volgende aannames gemaak:

$\hat{\mathbf{a}}_t$  is die minimum-gemiddelde-lineêre-kwadraatberamer (MGLKB) van  $\alpha_t$  gebaseer op al die inligting tot en met die huidige waarneming,  $y_t$ .

$\hat{\mathbf{a}}_{t|t-1}$  is die minimum-gemiddelde-lineêre-kwadraatvoorspeller (MGLKV) van  $\alpha_t$  op tydstip  $t-1$ .

Soos reeds in Hoofstuk 2 gestel, word die Kalmanfilter-vergelykings verdeel in die sogenaamde voorspellings- en opdateringsvergelykings.(Harvey(1981)).

**Die voorspellings-vergelykings.**

Op tydstip  $t-1$  is al die beskikbare inligting vervat in  $\hat{\mathbf{a}}_{t-1}$ , die MGLKB, van  $\alpha_{t-1}$ , met kovariansiematriks  $\sigma^2 P_{t-1}$  en  $P_{t-1}$  bekend.

Die vergelyking  $\alpha_t = T\alpha_{t-1} + R\eta_t$  impliseer dat die MGLKB van  $\alpha_t$  op tydstip  $t-1$  gegee word deur (dit kan gesien word as 'n mens lees: "die verwagtingswaarde van  $\alpha_t$  op tydstip  $t-1$  (dit is  $a_{t/t-1}$ ) = T x die verwagtingswaarde van  $\alpha_{t-1}$  op tydstip  $t-1$ , (dit is  $a_{t-1}$ ) + R x die verwagtingswaarde van  $\eta_t$  op tydstip  $t-1$ , dit is nul")

$$a_{t/t-1} = T a_{t-1} \quad 3.3.5$$

met voorspellingsfout

$$\begin{aligned} a_{t/t-1} - \alpha_t &= T a_{t-1} - [T \alpha_{t-1} + R \eta_t] \\ &= T [a_{t-1} - \alpha_{t-1}] - R \eta_t \end{aligned}$$

Let op dat  $a_{t/t-1}$  onvoorwaardelik onsydig is, aangesien die verwagtingswaarde van die voorspellingsfout  $a_{t/t-1} - \alpha_t$  nul is.

Die kovariansiematriks van die voorspellingsfout word gegee deur:

$$\begin{aligned} &E \left[ \left[ a_{t/t-1} - \alpha_t \right] \left[ a_{t/t-1} - \alpha_t \right]' \right] \\ &= E \left[ \left[ T [a_{t-1} - \alpha_{t-1}] - R \eta_t \right] \left[ T [a_{t-1} - \alpha_{t-1}] - R \eta_t \right]' \right] \end{aligned}$$

aangesien die kruisproduk nul is reduceer dit na:

$$\begin{aligned} &= E \left[ T [a_{t-1} - \alpha_{t-1}] [a_{t-1} - \alpha_{t-1}]' T' \right] + E [R \eta_t \eta_t' R'] \\ &= \sigma^2 T P_{t-1} T' + \sigma^2 R Q R' \end{aligned}$$

$$= \sigma^2 [TP_{t-1}T' + RQR']$$

$$= \sigma^2 P_{t/t-1}$$

Dus  $\mathbf{a}_{t/t-1} - \boldsymbol{\alpha}_t$  het verwagtingswaarde nul en variansie-kovariansiematriks  $\sigma^2 P_{t/t-1}$  met

$$P_{t/t-1} = TP_{t-1}T' + RQR' \quad 3.3.6.$$

bekend.

Vanuit die waarnemingsvergelyking

$$y_t = \mathbf{z}'_t \boldsymbol{\alpha}_t + \xi_t$$

en gegee dat  $\mathbf{a}_{t/t-1}$  die MGLKV van  $\boldsymbol{\alpha}_t$  op tydstep  $t-1$  is, word die MGLKV van  $y_t$  op tydstep  $t-1$  gegee deur

$$\bar{y}_{t/t-1} = \mathbf{z}'_t \mathbf{a}_{t/t-1}$$

met die gepaardgaande voorspellingsfout:

$$v_t = y_t - \bar{y}_{t/t-1} \quad 3.3.7$$

$$= \mathbf{z}'_t [\boldsymbol{\alpha}_t - \mathbf{a}_{t/t-1}] + \xi_t$$

Aangesien die verwagtingswaarde van beide  $(\boldsymbol{\alpha}_t - \mathbf{a}_{t/t-1})$  en  $\xi_t$  nul is,

is  $E(v_t) = 0$  en

$$\begin{aligned} \text{Var}(v_t) &= E(v_t^2) \\ &= E[\mathbf{z}'_t (\boldsymbol{\alpha}_t - \mathbf{a}_{t/t-1}) + \xi_t]^2 \\ &= E[\mathbf{z}'_t (\boldsymbol{\alpha}_t - \mathbf{a}_{t/t-1})(\boldsymbol{\alpha}_t - \mathbf{a}_{t/t-1})' \mathbf{z}_t] + E[\xi_t^2] \\ &\quad + 2E[\mathbf{z}'_t (\boldsymbol{\alpha}_t - \mathbf{a}_{t/t-1}) \xi_t] \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
&= \sigma^2 \mathbf{z}'_t \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t + \sigma^2 h_t \\
&= \sigma^2 f_t
\end{aligned}$$

met

$$f_t = \mathbf{z}'_t \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t + h_t \quad 3.3.8$$

Die voorspellingsvergelyking word gegee deur 3.3.5 met kovariansiematriks 3.3.6 terwyl 3.3.7 die voorspellingsfout is toe  $y_t$  op tydstep  $y_{t-1}$  voorspel is.

### Die opdateringsvergelyking

Die rol van die opdateringsvergelyking is om, wanneer 'n nuwe waarneming gemaak word se  $\hat{y}_t$ , die bykomende kennis te gebruik om die optimale beramer,  $\mathbf{a}_{t/t-1}$  op te dateer.

Nou het ons 'n analoë situasie as die in Afdeling 3.2. Daar was die voorafgaande inligting, vervat in  $\mathbf{a}_0$ , gekombineer met die steekproefinligting vervat in 3.2.1. Nou is die voorafgaande inligting vervat in die beramer,  $\mathbf{a}_{t/t-1}$ , en die steekproef bestaan uit die enkele waarneming afgelei van die waarnemingsvergelyking  $y_t = \mathbf{z}'_t \boldsymbol{\alpha}_t + \xi_t$ .

Die aangevulde model is dus

$$\begin{bmatrix} \mathbf{a}_{t/t-1} \\ y_t \end{bmatrix} = \begin{bmatrix} \mathbf{I} \\ \mathbf{z}'_t \end{bmatrix} \boldsymbol{\alpha}_t + \begin{bmatrix} \mathbf{a}_{t/t-1} - \boldsymbol{\alpha}_t \\ \xi_t \end{bmatrix}$$

Die versteuringsterm  $\xi_t$  het verwagtingswaarde nul en kovariansiematriks:

$$E \left[ \begin{bmatrix} \mathbf{a}_{t/t-1} - \boldsymbol{\alpha}_t \\ \xi_t \end{bmatrix} \begin{bmatrix} \mathbf{a}'_{t/t-1} - \boldsymbol{\alpha}'_t & \xi'_t \end{bmatrix} \right]$$

$$= \sigma^2 \begin{bmatrix} P_{t/t-1} & 0 \\ 0 & h_t \end{bmatrix}$$

Die MGLKB van  $\alpha_t$  word nou gegee deur (verwys terug na Afdeling 3.2)

$$\mathbf{a}_t = P_t (P_{t/t-1}^{-1} \mathbf{a}_{t/t-1} + \mathbf{z}_t y_t / h_t)^{-1} \quad 3.3.9$$

$$P_t = (P_{t/t-1}^{-1} + \mathbf{z}_t' \mathbf{z}_t / h_t)^{-1} \quad 3.3.10$$

Dus  $(\mathbf{a}_t - \alpha_t)$  het gemiddeld nul en kovariansiematriks  $\sigma^2 P_t$ .

Met behulp van die volgende **matriks-inversielemma** (Jazwinski(1970)) kan  $\mathbf{a}_t$  en  $P_t$  geskryf word in 'n vorm wat geen matriksinversies vereis nie.

Laat D 'n  $n \times n$  matriks wees naamlik

$$D = [A + BCB']^{-1}$$

waar A en C nie-singuliere matrikse van orde n en m respektiewelik is en B  $n \times m$  is.

Dan kan D geskryf word as:

$$D = A^{-1} - A^{-1} B [C^{-1} + B' A^{-1} B]^{-1} B' A^{-1}$$

Stel nou

$$D = P_t, \quad A = P_{t/t-1}^{-1}, \quad B = \mathbf{z}_t \quad \text{en} \quad C = h_t^{-1}$$

Dan word 3.3.10:

$$P_t = P_{t/t-1} - P_{t/t-1} \mathbf{z}_t [h_t + \mathbf{z}_t' P_{t/t-1} \mathbf{z}_t]^{-1} \mathbf{z}_t' P_{t/t-1}$$

$$P_t = P_{t/t-1} - P_{t/t-1} \mathbf{z}_t \mathbf{z}_t' P_{t/t-1} / f_t \quad 3.3.11$$

met

$$f_t = \mathbf{z}_t' P_{t/t-1} \mathbf{z}_t + h_t. \quad 3.3.12$$

Substitusie van 3.3.11 in 3.3.9 lewer

$$\begin{aligned}
 \mathbf{a}_t &= (\mathbf{P}_{t/t-1} - \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t' \mathbf{z}_t' \mathbf{P}_{t/t-1} / f_t) (\mathbf{P}_{t/t-1}^{-1} \mathbf{a}_{t/t-1} + \mathbf{z}_t y_t / h_t) \\
 &= \mathbf{a}_{t/t-1} + \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t (y_t / h_t - \mathbf{z}_t' \mathbf{a}_{t/t-1} / f_t \\
 &\quad - \mathbf{z}_t' \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t y_t / h_t f_t) \\
 &= \mathbf{a}_{t/t-1} + f_t^{-1} \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t (y_t f_t / h_t - \mathbf{z}_t' \mathbf{a}_{t/t-1} \\
 &\quad - \mathbf{z}_t' \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t y_t / h_t) \\
 &= \mathbf{a}_{t/t-1} + f_t^{-1} \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t (y_t \mathbf{z}_t' \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t / h_t + y_t - \mathbf{z}_t' \mathbf{a}_{t/t-1} \\
 &\quad - \mathbf{z}_t' \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t y_t / h_t) \\
 &= \mathbf{a}_{t/t-1} + \mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t (y_t - \mathbf{z}_t' \mathbf{a}_{t/t-1}) / f_t
 \end{aligned} \tag{3.3.13}$$

Opmerkings:

1. Vergelykings 3.3.11 tot 3.3.13 is die basiese opdateringsvergelykings.
2. Vergelyking 3.3.13 kan as volg gelees word: "Die beramer op tydstep  $t$  = die voorspeller op tydstep  $t$  (gegee inligting tot op tydstep  $t-1$ ) + die sogenaamde Kalmanvoorsprong (*Kalman gain*) x die Voorspellingsfout".
3. Die Kalmanvoorsprong is die  $m \times 1$  vektor,  $\mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{z}_t' / f_t$ .
4.  $\mathbf{a}_{t/t-1}$  word dus "opgedateer", wanneer  $y_t$  bekend word, via die Kalmanvoorsprong.
5. Let op dat die Kalmanvoorsprong, net soos  $\mathbf{P}_t$  en  $\mathbf{P}_{t/t-1}$ , onafhanklik is van  $y_t$  en vooruit bereken kan word.

6. Bogenoemde afleiding veronderstel dat  $h_t > 0$ . In sommige toestandruimte voorstellings bevat die waarnemingsvergelyking egter geen ruisterme nie. Byvoorbeeld vir 'n ARMA-model kan die waarnemingsvergelyking  $y_t = \mathbf{z}' \boldsymbol{\alpha}_t$  wees (kyk Hoofstuk 3) en is  $h_t = 0$ . Die vraag is nou of die Kalmanvergelykings nog van toepassing is. Harvey beweer die eindresultate is nog steeds geldig en verwys na Theil(1971) p282–287.

### 3.4 ALGEMENE VORM VAN DIE KALMANVERGELYKINGS

Die voorspellings- en opdateringsvergelykings vir die algemene toestandruimte model 3.3.1 en 3.3.2 word op analoë wyse afgelei (Harvey(1981)) as vir die spesiale geval hierbo en slegs die resultate word gegee:

Gegee  $\mathbf{a}_{t-1}$  is die MGLKB van  $\boldsymbol{\alpha}_{t-1}$  op tydstip  $t-1$ , met die gemiddeld en kovariansiematriks van  $\mathbf{a}_{t-1} - \boldsymbol{\alpha}_{t-1}$  gelyk aan nul en  $P_{t-1}$  respektiewelik.

Die voorspellingsvergelykings is dan

$$\mathbf{a}_{t/t-1} = \mathbf{T}_t \mathbf{a}_{t-1} \quad 3.4.1$$

en

$$P_{t/t-1} = \mathbf{T}_t P_{t-1} \mathbf{T}'_t + \mathbf{R}_t \mathbf{Q}_t \mathbf{R}'_t, \quad t = 1, \dots, T \quad 3.4.2$$

Die opdateringsvergelykings word gegee deur:

$$\mathbf{a}_t = \mathbf{a}_{t/t-1} + P_{t/t-1} \mathbf{Z}'_t \mathbf{F}_t^{-1} (\mathbf{y}_t - \mathbf{Z}_t \mathbf{a}_{t/t-1}) \quad 3.4.3$$

en

$$P_t = P_{t/t-1} - P_{t/t-1} \mathbf{Z}'_t \mathbf{F}_t^{-1} \mathbf{Z}_t P_{t/t-1} \quad 3.4.4$$

waar

$$\mathbf{F}_t = \mathbf{Z}_t P_{t/t-1} \mathbf{Z}'_t + \mathbf{S}_t \mathbf{H}_t \mathbf{S}'_t, \quad t = 1, \dots, T \quad 3.4.5$$

Die voorspellingsfout:

$$\mathbf{v}_t = \mathbf{y}_t - \mathbf{Z}_t \mathbf{a}_{t/t-1}, \quad t = 1, \dots, T \quad 3.4.6$$

is nou 'n  $N \times 1$  vektor. Dit besit gemiddeld nul en kovariansiematriks,  $\mathbf{F}_t$ .

Weereens word  $\mathbf{a}_{t/t-1}$  'opgedateer' deur die Kalmanvoorsprong,  $\mathbf{P}_{t/t-1} \mathbf{Z}_t' \mathbf{F}_t^{-1}$  vermenigvuldig met  $\mathbf{v}_t$ .

Opmerking:

Met die aanvangswaardes,  $\mathbf{a}_0$  en  $\mathbf{P}_0$  bekend, gee die Kalmanfilter die MGLKV van  $\alpha_t$  gebaseer op al  $T$  waarnemings.

### 3.5 AANVANGSWAARDES VIR DIE KALMANFILTER

Om die Kalmanrekursies te gebruik, begin die prosedure by 'n aanvangstoestandsvektor,  $\mathbf{a}_0$  en die aanvangskovariansiematriks,  $\mathbf{P}_0$  van die proses.

#### Die Aanvangstoestandsvektor

Per definisie is  $\mathbf{a}_0$  die MGLKB van  $\alpha_0$ . Dit gee dus die beraming van die toestand op tydstip nul gegee alle data tot en met tydstip nul. Anders gestel,  $\mathbf{a}_0$  is die beramer van die toestand op tydstip nul voor enige data verkry is. Vir 'n proses met gemiddeld nul, is dit 'n vektor van nulle:

$$\begin{aligned} \mathbf{a}_0 &= \mathbf{a}_{1/0} \\ &= (0, \dots, 0)' \end{aligned}$$

### Die Aanvangskovariansiematriks

Met  $t=1$  herlei 3.3.6 na

$$P_{1/0} = P_0 = TP_0T' + RQR'$$

Die algoritme van Gardner, Harvey en Phillips(1980) maak gebruik van die volgende oplossing vir bogenoemde vergelyking:

$$\text{vektor}(P_0) = [I - TOT']^{-1} \text{vektor}(RQR')$$

Daar word met hierdie resultaat volstaan. Aan die hand van Jones (1980) word die volgende afleiding vir die aanvangskovariansiematriks gegee:

Die  $m \times m$  matriks  $P_0$  is die onvoorwaardelike kovariansiematriks van

$\alpha_t = (y_t, y_{t+1/t}, \dots, y_{t+m-1/t})$  en kan geskryf word as:

